



vrouelidmate@gmail.com

AAN ALLE DAMES van die NG KERK Vrystaat

(Skribas en leraars, wees asseblief so vriendelik om hierdie inligting aan al u vrouelidmate deur te gee)

Liewe dames

SINODALE VROUEKONFERENSIE 2019

Dit is die laaste omsendskrywe van 2018... die lewe spoed by ons verby, die Bybel vertel ons so..., maar die Woord sê ook, *ons moet goed nadink oor alles wat ons gedoen het* (ook in hierdie jaar) *en oor alles waarmee ons ons met soveel sorg besig gehou het* (Prediker 2:11), *maar dat al wat op die ou einde saak maak, is dat ons God moet dien, dat ons wel sal doen wat daar te doen is en die lewe sien as 'n GAWE uit GOD se hand!* (Prediker 12:13). Dit is vir my so kosbaar!

Ons spesialiseer daarin om die lewe so ingewikkeld te maak - om soveel bagasie in te pak en saam te sleep - dat ons eindelijk wil knak onder alles... juis op hierdie punt het die tema van ons Sinodale Konferensie vorm aangeneem - **REIS LIG!**

Sinodale Konferensie: **Saterdag 16 Februarie 2019**

Plek: **Nampo Park, Bothaville**

Spreker: **Lynette Beer**

Koste: **R250.00 per persoon**

NB! Inskrywings sluit: Vrydag 25 Januarie 2019

Let asseblief op na die volgende belangrike inligting:

Bylaag 1 - Inskrywingsvorm: Die getal dames per gemeente is onbeperk, stuur inskrywings na vrouelidmate@gmail.com - stuur asseblief net solank die getalle - gemeentes kan betalings gedurende Januarie 2019 doen **(let op dat die NG Kerk Vrystaat se bankbesonderhede verander het)**. Baie dankie aan gemeentes wat flink reageer en die inskrywingsvorms reeds ingestuur het.

Bylaag 2 - Geloofsbrief: Gemeentes kan die geloofsbriewe voltooi en **téén Donderdag 31 Januarie 2019** per e-pos stuur na vrouelidmate@gmail.com. Die **oorspronklike geloofsbrief moet tydens die Registrasie van die Konferensie op 16 Februarie 2019 ingehandig word**. Skakel vir **Anso Steyn by 082 773 2612** indien daar enige navrae oor die geloofsbrief is.

Bylaag 3 - Nominasie vir die SKV: Die werk van die Vrouelidmate speel 'n baie belangrike rol - nie net onder die vroue self nie, maar ook op Sinodale gebied. Hier gesels ons saam oor **hoe ons in die kerk van vandag moet dink en doen...** en is dit baie belangrik dat die Kerk ook die "sagter stem" van die vrou sal hoor. Haar omgeehart en haar vermoë om op 'n nuwe en anderse manier na probleme en vraagstukke te kyk, maak die werk van die SKV, veral in die toekoms, baie belangrik. Nomineer asseblief 'n dame wat hierdie "taak" van vroue in die Kerk, kan voortbou. Die **nominasievorms moet vóór of op Sondag 20**

Voorsitter: Anso Steyn sel: +27 (0) 82 773 2612 e-pos: anssteyn@mweb.co.za

Faks: +27 (0) 86 649 9586 | E-pos: vrouelidmate@gmail.com



Januarie 2019 ingedien word. Indien enige navrae, skakel vir Anso Steyn by 082 773 2612.

Bylaag 4 - Program vir die Konferensie

Verblyfreëlings: Gemeentes is baie welkom om reeds die Vrydagaand oor te slaap. **BAIE BELANGRIK!** Elke gemeente doen **self besprekings vir die verblyf**, apart van die bespreking vir die konferensie. Die SKV het met *Bothaville Info* onderhandel sodat gemeentes deur hulle plek kan bespreek, hetsy by gastehuse, of persone wat hulle huise beskikbaar maak vir verblyf - dit sal teen bekostigbare pryse wees. Die skakelpersoon is Hanlie Mouton en die besonderhede is:

<i>Hanlie Mouton</i> 63 President Street, Bothaville, 9660 Tel: 056 515 3042 Mobile: 082 396 7556 Fax 2 Mail: 086 555 2243 Skype: hanlie.mouton3 www.bothaville.info	
--	--

By **Nampopark** is daar ook verblyf beskikbaar. Skakel met **Annemarie de Beer** in hierdie verband by 086 004 7246, of stuur 'n e-pos aan annemarie@grainsa.co.za

Vroue in die Bediening: (Vrouepredikante):

Ons wil baie graag versoek dat vrouelidmate wat in 'n gemeente is waar daar 'n vrouepredikant is, julle haar baie spesiaal sal omarm en ondersteun. Sy is "uit" ons en alhoewel daar nie vandag onderskeid tussen geslag en ras, ensovoorts getref mag word nie, het hierdie vroue julle spesiaal nodig. Sien om na haar wel en weë - indien jy op die Kerkraad dien, sorg asseblief dat daar na haar omgesien word - ons as vroue is trots op ons vrouepredikante en ons is daar om hulle hande omhoog te hou!

Slot:

Welkom, o stille nag van vrede

Onder die suiderkruis,

Wyl stemme uit die ou verlede, oor sterrevelde ruis -

Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer -

Skenk ons 'n helder Somerkersfees...

in die Vrystaat - op plase en in dorpe - vir elke vrouelidmaat... o Heer!

Groete.

Anso Steyn

VOORSITTER

VROUELIDMATE VRYSTAAT

